INNIBOS FEESTERREINKONSERTE

Huisgenoot Afskopkonsert
Standard Bank- verhoog, Innibos Feesterrein
Woensdag 29 Junie 2011 om 18:00
MC Margit Meyer Rödenbech
Juanita du Plessis, Gerrie Pretorius, Emo Adams, DJ Ossewa, Arno Jordaan, Pieter Koen, Elvis Blue, The Parlotones.
Prys: R75 hektoegang of R77 by Computicket

Coca Cola Konsert
Standard Bank- verhoog, Innibos Feesterrein
Donderdag 30 Junie 2011 om 18:00
MC Lance James
Ray Dylan, Die Campbells, Lianie May, Chereé, Karlien Husselman, Fredi Nest, Broers en Lance James.
Prys: R60 hektoegang of R62 by Computicket

Kurt & Jukebox Vriende
Standard Bank- verhoog, Innibos Feesterrein
Vrydag 1 Julie 2011 om 18:00
Veldaanbieder:
Kurt Darren, Snotkop, Dewald Dippenaar, Andriette Norman, Sorina, Gerhard Steyn, Theuns Jordaan.
Prys: R90 hektoegang of R92 by Computicket

Jacaranda 94.2 Konsert
Standard Bank- verhoog, Innibos Feesterrein
Saterdag 2 Julie 2011 om 18:00
Sarah Theron,Steve Hofmeyr, Dozi, Nianell, Bobby van Jaarsveld, Bok van Blerk, Nicholis Louw, Kurt Darren.
Prys: R120 hektoegang of R122 by Computicket
Vir goue sirkel kaartjies teen R200 (addisoneel tot die toegangskoste), skakel die feeskantoor by 013-741 5294

ATKV Loof Hom Innibos
Standard Bank- verhoog, Innibos Feesterrein
Sondag 3 Julie 2011
Jan de Wet, Danie Botha, oom Karoolus en Lente, Cor Uys, Steyn Fourie, Elvira Köhn en Ghapi.
Prys: Gratis

INNIBOS PRODUKSIEPROGRAM

MUSIEK:

Musiekteater
Chris Chameleon – Noot vir Brood

Met Chris Chameleon, Johrné van Huyssteen en Riaan van Rensburg
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Do 30 Junie 18, Vr 1 Julie 18:00, Sa 2 Julie 11:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 80 minute
Prys: R92
In hierdie produksie verduidelik Chameleon op skerpsinnige wyse die pad na sukses in die Afrikaanse musiekindustrie. Hy steek die draak met konvensies in die bedryf en skep terselfdertyd stof tot nadenke met betrekking tot die aard van Afrikaanse musiek, die wyse waarop gehore se voorkeure die musiek bepaal en hoe die musiek gehore se voorkeure voorskryf. Op die tipiese Chris Chameleon manier word it alles gedoen met 'n goeie dosis humor, gevatte kommentaar en natuurlik die pragtige musiek wat van hom een van die gewildste Afrikaanse musieksterre gemaak het. Chris Chameleon het twee jaar agtereenvolgens die Innibostoekenning ontvang as die Gewildste Produksie op die fees. Kom kyk gerus hoekom hy so gewild is.

Musiek:Kontemporêr
Brooklyn Babalaas
Met Koos Kombuis, Jak de Priester, Danny Smoke en Jacques de Villiers.
Gradering: Volwassenes
Datum en tyd: Do 30 Junie 14:00 en 19:00
Venue: Emnotweni Arena
Tydsduur: 70 minute
Prys: R92
Venue geborg deur Emnotweni.
Die samewerking tussen Koos Kombuis en Jak de Priester en sy *band* is nie ’n konsert wat maklik in 'n blik gedruk kan word nie. Dat daar kontraste bestaan tussen die twee sanger-liedjieskrywers, is duidelik. Hoewel Koos en Jak se voorkoms en beeld hemelsbreed verskil, het hulle dieselfde vlymskerp humor, dieselfde verrassende vermoë om 'n boodskap met innige patos oor te dra. Ilne Fourie skryf in Krit “ Maar hoe gooi jy ’n bedonnerde bokbaardjie-oom en ’n jong pa/romantikus in een glas? Maklik! Die twee generasies ontmoet mekaar deur ligte bekgevegte en hul eiesoortige musiek – saam is dit ’n dubbeldop met skop! Jak se spitsvondigheid en skerp humorsin sorg vir heerlike komiese oomblike. Tesame met Koos Kombuis se vinnige vlytige, vlymskerp lirieke word dit ’n sangsatire wat die spot dryf met die politiek, petrolprys en die president!”

Musiek: Klassiek
Ave Maria / **Halleluja**
Brooklyn Poet Jak de Priester saam met Hanli Stapela (sopraan), Ockie Vermeulen (orrel), Lizelle le Roux (viool), Winand Grundling (orrel), Matthew Lombard (altsaksofoon), Christi-Louise Swanepoel (kontrabas), Hugo Radyn (perkussie) en die Laudate Sangers o.l.v. Dianne Wolhuter
Konsep: Ilse Schürmann
Musiekverwerkings: Ockie Vermeulen
Teks: Marlize Leyden (teks) en Jacques Botes (stem)
Gradering: Gesin
Datum en tyd: So 3 Julie 14:00
Venue: NG Suidgemeente
Tydsduur: 75 minute

Prys: R92
Moontlik gemaak deur die ATKV in samewerking met US Woordfees.
Deur die loop van die eeue is baie musiek met die titel *Ave Maria* gekomponeer. Ook is die gebruik van die woordjie *Halleluja* binne musiekkonteks 'n algemene verskynsel. Hierdie ligte klassiekemusiekproduksie is gegrond op die unieke musikale samevloeiing van komposisies wat *Ave Maria* of *Halleluja* as titel deel. Ou bekende werke word op 'n vars en uitsonderlike wyse aangebied. Hierdie produksie gaan beslis 'n opwindende en innoverende musiekervaring te wees.

TONEEL:

Toneel: Klug
'n Seder val in Waterkloof
Met Chris van Niekerk, Erica Wessels, Waldemar Schultz, GiGi, Jana Fischer, Petrus du Preez, Wessel Pretorius, Janel Jordaan, Lulu Botha, Francois Jacobs en Adriaan van As.
Teks: PG du Plessis
Regie: Albert Maritz
Tegniese Regisseur: Gaerin Hauptfleisch
Ontwerp: Leopold Senekal, Gaerin Hauptfleisch en Albert Maritz
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 29 Junie 18:00, Do 30 Junie 10:00, Vr 1 Julie 20:00, Sa 2 Julie 11:00
Venue: Nelspruit Stadsteater
Tydsduur: 120 minute
Prys: R92
Koöproduksie met ABSA KKNK.
Hierdie skat uit die pen van PG du Plessis is Innibos se opdragproduksie en maak deel uit van die PG du Plessis Vereringsgeleentheid.

In die bekwame hande van regisseur Albert Maritz kry hierdie tydlose verhaal weer lewe en bewys dit dat goeie teater altyd toepaslik is. Hierdie bekende stuk is een van die beste satiriese komedies in Afrikaans en is sedert publikasie in 1977 al talle kere opgevoer.

Die verhaal handel oor 'n kolos in die akademie en sy neus-in-die-lug familie. Hulle wil Raadslede proff. Lategan en Vredenburg trakteer en oorhaal om vir Jakobus-Daniël van Vuuren as Voorsitter van die Akademie te stem. Dan daag platvloerse familielede van Krugersdorp by die Van Vuurens op en veroorsaak 'n opskuddig in die gesiene Waterkloof-woning. Die poppe begin behoorlik dans wanneer 'n "lewenslustige" meisie genaamd Poppie haar opwagting maak!

Dramaturg PG du Plessis lewer met deernis en simpatie sosiale kommentaar en spot op vlymskerp wyse met valsheid en snobisme. Hoogmoed kom tot 'n lagwekkende val.

Kom kyk gerus na hierdie verhoogtreffer waar die draak met gesiene mense in hoë posisies gesteek word. Ligte komedie vir die hele gesin.

Toneel: Komedie

Die ryk weduwee
Met Elsabé Daneel, Chris van Niekerk, Waldemar Schultz, Susanne Beyers, Albert Maritz, Johann Nel, Raymond Randall, Roeline Daneel en Martelize Kolver.
Teks: Uys Krige
Regie: Juanita Swanepoel
Tegniese Regisseur: Gaerin Hauptfleisch
Verhoogbestuur: Stephanie Hough
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Do 30 Junie 18:00, Vr 1 Julie 12:00, Sa 2 Julie 16:00
Venue: Nelspruit Stadsteater
Tydsduur: 135 minute
Prys: R92
In samewerking met Die Kleine Libertas Teater en US Woordfees

Dié klugtige komedie handel oor 'n welgestelde weduwee wie se hart en huis op haar Bolandse plaas beleër word deur vier huwelikskandidate met uiteenlopende geaardhede.

Die Ryk Weduwee is vir die eerste keer in 1953 deur N.T.O. opgevoer wat 'n maandelange toer van die stuk met groot welslae onderneem het. Die titelrol is destyds gespeel deur Wena Naudé. In 1968 word die stuk deur Truk opgevoer met Wilna Snyman in die hoofrol. Van die ander akteurs was James Norval, Anna Cloete, Louis van Niekerk en Marius Weyers.

In 1974 ontvang Uys Krige die Hertzogprys vir sy hele bydrae tot Afrikaanse poësie en by die geleentheid word *Die Ryk Weduwee* weer opgevoer deur Kruik, met onder andere Louise Mollet-Prinsloo, Cobus Rossouw, Anna Cloete, Marie Pentz, Juanita Swanepoel, Pierre van Pletzen en Mees Xteen in die rolverdeling.

In die bekwame hande van Juanita Swanepoel kry hierdie klassieke Afrikaanse komedie weer lewe en is dit vandag nog net so toepaslik en vermaaklik as jare gelede.

Toneel: Komedie / Drama
Janneman
Met Sandra Prinsloo, Franci Swanepoel en Hannah Borthwick.
Teks: Elain Murphy, vertaal deur Hennie van Greunen
Regie: Hennie van Greunen
Produksiebestuur: Pedro Kruger
Verhoogbestuur: Jeanne Steenkamp
Gradering: Volwassenes (TS)
Datum en tyd: Do 30 Junie 18:00, Vr 1 Julie 10:00 en 14:00, Sa 2 Julie 14:00
Venue: Lowveld High
Tydsduur: 100 minute
Prys: R92
Moontlik gemaak deur Leopard's Leap Wines.
Karien is in haar 60's en na haar man se beroerte voel sy so half, jikkerig, sy weet nie wat gaan aan nie en dit werk vreeslik op haar senuwees. Lorraine, haar dogter, weet dat die 40's veronderstel om 'n nuwe begin te wees, maar hoekom voel sy dan so

alleen en doelloos? En Ané is naar en mislik na haar laaste partytjie-sessie, maar dis mos vaarvoor mens se 20's daar is?

Hierdie droom-rolverdeling vat ons saam op reis deur die lewens van die drie generasie vrouens wat elk besig is om 'n krisisjaar te trotseer. Van besoeke by sielkundiges en volwasse speelgoed-winkels tot by die lekker van harige mans, begrafnisse en geboortes.

Die teks het die 2009 Carol Tambor-prys by die Edinburgh Festival gewen en die Ierse produksie toer tans die wêreld vol en speel voor volgepakte sale en kry orals staande ovasies.

Dié mense wat Magdaleen (*Die Naaimasjien*) en Shirley (*Shirley Valentyn*) met deernis onthou, gaan presies weet waar Karien, Lorraine en Ané se harte lê: daar waar die swaar en die lekker, die giggel en die snak, die liefde en die leed mekaar afwissel en sodoende van elke mens se lewe 'n epiese reis maak.

Janneman was die top dramaverkoper op die 2011 ABSA KKNK. Moet dit nie misloop nie.

Toneel: Aksiekomedie
Amper
Met Ben Kruger, Hennie Jacobs en Christel van den Bergh.
Teks: Chris Vorster
Vervaardiger: GZ Productions
Regie: Chris Vorster
Gradering: Volwassenes
Datum en tyd: Vr 1 Julie 19:00, Sa 2 Julie 10:00 en 18:00
Venue: Lowveld High
Tydsduur: 80 minute
Prys: R87
Paul is 'n skrywer wat deesdae beter drink as wat hy skryf. Sy uitgewer soek 'n boek en die boek moet snaaks wees, maar Paul is nie meer lus vir snaaks wees nie ... Die nar kry homself so 'n bietjie jammer. Gelukkig, net voor die polse-sny en pille-sluk, kry Paul 'n idee ... 'n aksie hygroman. Paul klap sy babelas muse wakker en begin tik: "*Buks en Pop is gewapen tot die tande. Die koerant noem hulle Brakpan se Bonny en Clyde. Toe Buks nog vir Polisie geboks het, was hy vrek fris ... 'n regte buksie. Deesdae is hy effe oorgewig ... plomp."* Paul glimlag tevrede, ja ... die boek gaan snaaks wees. Hennie Jacobs en die pragtige Christel van den Bergh skitter in hulle uitbeelding van dié storieboekkarakters wat deur Paul geskep word. Dit is gewis 'n unieke teaterervaring.

Oor *Amper* se teks skryf Schalk Schoombie: "Die onderliggende donker onderbou van skrywersblok, alkoholisme, egskeiding en selftwyfel gee eindelose verbeeldingryke woordspel en seksuele pandemodium 'n ironiese kleur wat mens ontwrig terwyl jy lag. Chris Vorster se tekste bly só vindingryk, veelvlakkig en inspirerend, vernuwend, opwindend, en ja, SNAAKS!

Toneel: Komedie
Daai V-ding

Met Esther von Waltsleben en Jan-Hendrik Opperman.
Regie: Francois Toerien
Gradering: Volwassenes Geen 0/16
Datum en tyd: Wo 29 Junie 18:00, Vr 1 Julie 10:00, Sa 2 Julie 15:00
Venue: Emnotweni Arena
Tydsduur: 60 minute
Prys: R87
Emnotweni logo.

Voorskrif: Soms moet jy terugtree en die ding opnuut bekyk. Dit is dan wanneer jy weer hoek-om kan sien.

'n Verhouding. 'n Man, 'n vrou. Akteurs. Hulle werk saam. Al vir jare. Hulle doen nog steeds kinderteater om die pot aan die kook te hou. Hulle speel by kunstefeeste vir 'n handjievol mense terwyl die magtige dreuning van gebleikte kuiwe op die musiekverhoë die fokus steel. Hulle is gatvol en oorweeg ander studierigtings soos om medies deur Unisa te swot of 'n tandarts oorsee te gaan word. Groot drome. Soos om die lotto te wen.

Die krag slaan af – die musiekverhoog se skuld - en die twee dompel soos Alice af na waar hul ding begin het. En soos jy die ding bekyk, besef jy, dis eintlik maar oukei. Dis oukei om eers in 'n vuurhoutjiedosie te bly, want nou kan ons lag oor daai TV wat byna groter as daai eerste huisie was. En as ons albei "groot" geword het, dis ook oukei. Die saam kosmaak is die ekstra gewig in goud werd.

Die akteurspaar, Esther von Waltsleben en Jan-Hendrik Opperman, speel hulself in hierdie komedie. Kom kyk gerus of jy nie ook jou V-ding hierin raaksien nie.

Naskrif: Geen V-ding is beseer in die proses nie.

Toneel: Komedie
Dinner for One en Dinner for One Too...
Met Wilson Dunster en Elize Cawood.
Regie: André Stolz en Johan Engelbrecht
Vervaardiger:Wilson Dunster en Elize Cawood
Gradering: Almal
Datum en tyd: Vr 1 Julie 10:00 en 19:00, Sa 2 Julie 13:00 en 16:00
Venue: Laeveld Laerskool
Taal: Engels en Afrikaans
Tydsduur: 60 minute (20 minute pouse tussen die twee sketse)
Prys: R92
Die klassieke komedieskets *Dinner for One,* "Same procedure as last year Miss Sophie?" met die veteraan-Suid-Afrikaanse akteurspaar Wilson Dunster en Elize Cawood is vanjaar by Innibos. *Dinner for One* het kultusstatus bereik nadat dit in 1963 in Hamburg verfilm is. Dit speel af in 'n eeu oue Britse herehuis waar die laaste oorblywende lid van die familie, Miss Sophie, haar 90ste verjaarsdag vier. Haar "gaste" is lank reeds dood, maar hulle word steeds bedien met 'n viergangmaal plus drankies. Met James wat die glase moet vul én die heildronke drink het dit lagwekkende gevolge! Na pouse kom *Dinner for One Too*... aan die beurt. Dit is die Suid Afrikaanse *spoof* van die klassieke skets. Hier speel Wilson Miss Sophie, en Elize speel die plaasjapie James! Moenie hierdie puik produksie misloop nie.

Toneel: Teater met musiek
My pa dink hy's Elvis
Met Ben Kruger en Viljé Maritz.
Teks: Reinet en Jan-Jan Nagtegaal
Vervaardiger: Genugtig! Produksiehuis
Produksiebestuur: Bev Maritz
Verhoogbestuur: Gaerin Hauptfleisch
Regie: Albert Maritz
Gradering: Gesin
Datum en tyd:Wo 29 Junie 20:15, Do 30 Junie 20:00, Vr 1 Julie 09:30, Sa 2 Julie 14:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 70 minute
Prys: R87

Hennie reis saam met sy pa wat as Elvisnabootser deur die Karoo toer. Hy is sy pa se *roady*. Terwyl die gehoor lekkerkry met Ben Kruger se vertolking van Elvis se grootste treffers, woed Pa en seun hul pyn en woede oor 'n groot gedeelde hartseer agter die skerms uit.

As handlanger is Hennie sy pa se seremoniemeester, beligtingsman, klankman, ma se kleinman, pa se twyfelman en die gehoor se *Ja!-man*.

Ben Kruger skitter in die rol van die Elvisnabootser en laat jou voete jeuk op die maat van al die ou bekende Elvisliedjies en die rol van die seun pas Viljé Maritz soos 'n handskoen. Pa het myle op; lewensmyle. Seun het vrae, strikvrae. En elke muntstuk het twee kante. En 'n swaard sny na beide kante toe. Teen die agtergrond van 'n kastige Elvis show op die platteland raak hierdie produksie meer kwessies aan as wat dit op die oog af lyk.

Hierdie produksie beloof vermaak én drama, maar bo alles, bly dit 'n goed-voel-produksie, maak nie saak hoeveel jy huil nie.

Toneel: Komedie
Rooikaart
Met Frank Opperman.
Teks: Dana Snyman
Regie: Gys de Villiers
Vervaardiger: Let's be Frank Productions
Gradering: Bo 13 jr
Datum en tyd: Vr 1 Julie 15:00 en 19:00, Sa 2 Julie 11:00.
Venue: Emnotweni Arena
Tydsduur: 60 minute
Prys: R92
Emnotweni logo.
Na die sukses van *Die uwe Pottie Potgieter* verras Frank Opperman se vermoë jou weer eens wanneer hy 'n splinternuwe verhoogkarakter skep, naamlik Wally Koekemoer. Dié Koekemoer laat jou deurgaans glimlag wanneer hy dinge kwytraak wat jou onwillikeurig herinner aan iemand in die regte lewe. Wally is die president van

’n plaaslike rugbyklub en behartig die jaarlikse prysuitdeling. Wally het ook ’n paar geraamtes in die kas en probeer op sy eie lomp manier sy aksies regverdig. In die proses val hy letterlik oor sy voete. Hierdie skreeusnaakse stuk laat jou verseker met ’n glimlag op jou gesig die saal verlaat.

Toneel: Komedie
Dowwe Dolla 007 Geskud, nie gepluk nie...
Met Margit Meyer Rödenbeck.
Teks: Hennie van Greunen
Regie: Hennie van Greunen
Verhoogbestuur: Carna Visser
Gradering: Bo 16jr
Datum en tyd: Do 30 Junie 11:00 en 14:00, Vr 1 Julie 13:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 70 minute
Prys: R87
Eers was daar Plenty O’Toole, Honey Ryder, Pussy Galore en nou Dolla, Dowwe Dolla - 007. Sy hou van haar sjokolade MoShaik gepluk, nie geskud nie. Dolla sluit aan by die Departement van Oninteligensie (sy’t hard gesoek, want daar’s baie van hulle in die staatsdiens). Haar missie: om die misterieuse organisasie DOM (Diaboliese Onnosele Morone) te infiltreer waar hulle ookal skuil: in die politiek, die sportarena en die glanswêreld - Dolla se 2011 gaan besig wees. Want *Dr No* het uitgevind you don’t live(r) twice, Shabir gaan duidelik *Die Another Day*, Mike Bolhuis het sy *License to Kill* by die Spar gekoop en, as Amor haar kaarte reg speel, gaan sy Moerryker wees. Dolla se bra skiet pyle, daar is plofstof in haar panty en haar lollie is vol sianied, net in geval. (Sy’t bietjie vergeet van die lollies, so sy’t reeds drie geëet. Dis goed vir die opelyf.) Dowwe Dolla 007: die avontuur begin …

Toneel: Komedie-Drama
As ek maar geweet het
Met Shaleen Surtie-Richards.
Teks: Hennie Aucamp, Shaleen Surtie-Richards, Casper de Vries.
Regie: Casper de Vries
Vervaardiger: Carien Loubser
Verhoogbestuur: Mareli Olivier
Gradering: Ouerbegeleiding. Geen 0/13
Datum en tyd: Vr 1 Julie 14:00, Sa 2 Julie 16:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 60 minute
Prys: R92
Shaleen Surtie-Richards het ’n lang pad gekom sedert *Fiela se Kind* en in almal se harte ingekruip as Nenna van *Egoli*. Sy het pryse ingeryg vir Shirley Valentyn. Vanjaar is sy terug met ’n splinternuwe solo-vertoning wat geregisseer word deur Casper de Vries. Die twee is ’n beproefde kombinasie. "Lag met ’n traan" is die hoogste gebod in teater. Terwyl Shaleen gehore laat skaterlag, glip sy behendig met haar briljante spel van een situasie na ’n ander. Die teks wat bestaan uit sketse vertel ’n storie wat eenvoudig is, maar wat in sy eenvoud ook lewenswaardes aanspreek wat enige mens aan die hart sal gryp.

IETS SPESIAALS:

Lip-Lek-Lekker Whisky en kos
Met Chris Koch.
Spysenier:
Gradering: Volwassenes Geen 0/18
Datum en tyd: Vr 1 Julie 18:00, Sa 2 Julie 13:00 en 17:00
Venue: Hoërskool Nelspruit Huis Hermann Davin Seunskoshuis
Tydsduur: 90 minute
Prys: R110
Geborg deur Brandhouse
Op publieke aandrang is Chris Koch terug, maar dié keer het hy die sjokolade opsy geskuif vir smulkos saam met die betowerende Whisky-proe.

Feesgangers kry vanjaar die geleentheid om op 'n unieke smaak-reis te gaan. Deelnemers word op 'n reis deur die Skotse whisky landskap geneem, en die unieke karaktertrekke van 5 verskillende Skotse enkelmout whiskies word oor die tong gerol en bespreek. Die whiskies word geproe en deurlopend word dit met interressante happies fynproewers-kos gekombineer. Deur die fasinerende storie van kos en whisky neem Chris Koch – *whisky connoisseur* **-** ons op 'n informele wyse deur die proses van hoe whisky gemaak word. Kom saam op 'n ontdekkingsreis van hoe whisky en kos mekaar kan komplementeer.

BOEKE INNIBOS:

RAPPORT Boeke-*crawl*

Die RAPPORT boeke-*crawl* is jaarliks die hoogtepunt vir feesgangers wat op soek is na 'n unieke ervaring rondom boeke en musiek. Vanjaar word die mistieke Kaapchehoop weer besoek. Dit is soos *pub crawling*, maar hier word agter woorde en wysies aan ge*crawl*. Die *crawling* skop af by die feesterrein in Nelspruit waar feesgangers op 'n bus klim en al kuierende die kronkelpad na Kaapschehoop aandurf.

Daar word hierdie jaar by vier plekke op Kaapschehoop aangedoen:

1. By Silver Mist Country Inn tree die bekende Philip de Vos op. Hierdie begaafde digter, fotograaf en sanger gaan feesgangers op 'n reis deur sy prente en gedigte neem. Hy gaan self die bypassende liedere sing. Hierdie gaan 'n besondere ervaring bied. 'n Stomende bakkie sop word hier bedien.
2. Dan gaan *crawlers* na die Kapel waar Annelie Botes en Pieter Rademeyer *'n Vlegsel van woord en lied* aanbied. Die Prediker beveel aan dat die mens moet eet en drink en vrolik wees onder al sy geswoeg. Annelie Botes en die stemmingsanger, Pieter Rademeyer, nooi *crawlers* om in die binnekring te kom aansit by die tafel van hulle harte sodat daar vir 'n korte wyle vrolik gelag kan word. En om te luister hoe vloei woord en lied ineen in 'n vlegsel van letter en klank. 'n Heerlike helende stukkie aandvreugde.
3. By Silver Mist se Waenhuis wag daar 'n lekker roosterkoek en koffie op feesgangers. Hier word ou letterkunde met die moderne vermeng en beloof 'n belewenis te wees. Margit Meyer Rödenbeck gaan die voordrag doen

terwyl Albert de Wet met sang en kitaarspel die letterkunde in lekkerkunde verander.

4. Die laaste aandoenplek is by Bohemian Groove Café waar Valiant Swart, een van die voorste Afrikaanse liedjieskrywers oor sy boek *Toorwoorde roep my* gaan gesels. Hierdie versameling is meer as net liedtekste, dit is digkuns uit die pen van ’n ware woordkunstenaar. “In die lirieke op papier is daar stiltes. In ’n lied word hierdie leë plekkies gevul,” het Valiant op die Woordfees gesê. Valiant gaan met sang en vernuftige kitaarspel musiek en lirieke saam verweef tot lewende kuns.

Om Kaapchehoop se koue te besweer kry elke *crawler* ’n serp en ’n doppie-koppie om die gees en die liggaam te versterk. Hongerpyne word afgeweer met ligte verversings wat by die aandoenplekke bedien word. Laataand keer die busse terug na Nelspruit.

Die RAPPORT-boekecrawl vind plaas op Donderdag 30 Junie 2011. Die busse vertrek 17:00 en 19:00 vanaf Innibos Feesterrein, Hek 3 (Sportterreiningang). Tydsduur 240 minute. Die koste beloop R220. Kaapschehoop, Silver Mist Country Inn en Bohemian Groove Café.

Sappi Innibos Boeke OppiSTOEP

Reg langs Inniboskantoor is die gesellige Stoep-restaurant waar vanjaar se boekeprogram gaan plaasvind. Hierdie program word deur Sappi geborg.

Valiant Swart @ Boeke OppiSTOEP
Datum en tyd: Wo 29 Junie 18:00
Venue: Stoep Restaurant (langs Inniboskantoor)
Tydsduur: 60 minute
Prys: R52
Geborg deur Sappi.
In *Toorwoorde roep my* word Valiant Swart se lirieke saamgevat in ’n besonderse en poëtiese bundel. Hierdie versameling is meer as net liedtekste, dit is digkuns uit die pen van ’n ware woordkunstenaar. Tydens hierdie geleentheid gaan Valiant Swart gesels oor hierdie bundel lirieke wat deur Lapa-uitgewers uitgegee word. Hy gaan vertel hoe die skeppingsproses werk en waaruit hy inspirasie put. “Soms is dit ’n klein wonderwerk wat ’n lied laat gebeur. Soms kom meld ’n lied hom by my aan”, het Valiant by die Woordfees gesê. Die liriek as gedig fassineer hom en hy gaan ook daaroor gesels. Anna-Retha Bouwer van Beeld se kunsredaksie gaan van sy lirieke voorlees en hy gaan gevra word om ’n paar toorwoorde te ontsluit. Dan gaan hy wys hoe hy met musiek lewe aan hierdie lirieke gee. Toegang sluit ’n koppie sop en ’n broodjie in. Slegs 50 kaartjies is beskikbaar.

Annelie Botes @ Boeke OppiSTOEP
In die naam van die liefde
Datum en tyd: Vr 1 Julie 18:00
Venue: Stoep Restaurant (langs Inniboskantoor)
Tydsduur: 60 minute
Prys: R52
Geborg deur Sappi.

Omring deur die lig van kerse neem Annelie Botes die gehoor met grepe uit haar rubriekwerk vir ’n uur lank op die paaie van toentertyd. Paaie waarop ons almal al gereis het. En soms in die stil middernaguur gepleit het: *Give my oil in my lamp, keep me burning till the break of day …* Dis ontdaan van swets, politiek of oppervlakkige ligsinnigheid. Dit gryp aan die hart en is rukkend-menslik. Dis vir elke aardsling onthutsend om in die ounag gestroop te staan voor sy berge en dale; om te kyk na die weerkaatsing van sy eie siel en gewete. Maar andersyds ook om bly te wees en ’n hosanna te neurie oor dae toe die lewe mildelik gegee het. Die lewe is nie altyd ewe maklik nie, sê Annelie. Tog, die lewe is ook nie so eindeloos moeilik nie. Ons moet alleenlik maar versigtig werk met die olie in ons lampe. Sodat die uur voor dagbreek ons nie in donkerte vang nie. Saam met Annelie se klavierbegeleiding sing die begaafde stemmingsanger, Pieter Rademeyer, om die wysies van ouds uit ons herinneringe op te diep. Toegang sluit ’n koppie sop en ’n broodjie in. Slegs 50 kaartjies beskikbaar.

KINDERTEATER:

Aspoestertjie
Met Esther von Waltsleben, Jan-Hendrik Opperman, Gaerin Hauptfleisch en Stephanie Hough.
Vervaardiger: Spektrum Produksies
Gradering: Hele gesin
Datum en tyd: Sa 2 Julie 9:00
Venue: Laeveld Laerskool
Tydsduur: 50 minute
Prys: R45
Aspoestertjie word afgeknou deur haar la-di-da stiefma en lelike stiefsusters. Sy moet heeldag huis skoonmaak en skoene uittrap en bome afstof en hondehokke skrop. Dit, terwyl stiefma en die sussies flankeer met die prins by sy gewilde danspartytjie. Aspoester wens sy kan ook eenkeer saamgaan. Sy wens en wens en wens en onthou mense, hierdie is ’n sprokie en WENSE WORD WAAR!

~Wrrrr~ Wie’s daar? Dis Marietha, die Goeie Veer. Met haar towerkrag (of eerder Faktotum se mannekrag) sorg sy dat Aspoestertjie ook bal toe kan gaan. Sy lyk pragtig en ontmoet die prins. Maar dan vergeet sy: om twaalf-uur verander alles na wat dit was. Vir ’n oomblik verloor sy kop – en haar skoen. Gelukkig is Faktotum Fourie geskep vir hierdie tipiese sprokie-flaters. Hy sal sorg dat die prins sy bruid weer kry.

Faktotum Fourie sorg ook vir ’n paar taallesse en terwyl ons leer dat wense waar kan word, leer ons ook ’n nuwe woord of drie.

Hierdie skoen sal vir almal pas, so bring jou mamma, pappa, ouma en oupa saam.

Rooikappie en die wolf
Met Esther von Waltsleben, Jan-Hendrik Opperman, Gaerin Hauptfleisch en Stephanie Hough.
Vervaardiger: Spektrum Produksies
Gradering: Hele gesin
Datum en tyd: Do 30 Junie 14:00

Venue: Laeveld Laerskool
Tydsduur: 50 minute
Prys: R45
Rooikappie se ouma is siekies met die griepies. Haar mammie stuur haar met ’n mandjie vol lekkernye na die tawwe ouma wat nie ’n bang haar op haar boud het nie. Sy woon nou al vir jare anderkant die woud.

Rooikappie stop eers in die dorp om medisyne te koop by Kliek se Apteek en ’n soet vruggie by Tannie Appels se groentemark. Die dorp is in rep en roer, want Dolf, die Wolf, (snaakse naam vir ‘n Wolf?!) saai amok net waar hy gaan. Faktotum is tot oor sy ore besig met reparasies. Almal waarsku vir Rooikappie sy moet *om* die woud loop, want Wolf woon *in* die woud. Maar die mooiste blomme groei *in* die woud en, dink Rooikappie, as sy vir haar ouma van daai blomme pluk, kry sy dalk ’n snytjie van Ouma se dubbeldik-trippelsjokolade-vierlaag-sjokolade-roomkoek. Mmm….

Sy gaan dalk ’n snytjie koek kry, maar nie voordat sy groot moeilikheid kry nie!

Gaan Dolf die Wolf Rooikappie en haar ouma opvreet? Gaan Faktotum tot hulle redding kom? Moenie hierdie byderwetse Rooikappie misloop nie.

Sneeuwitjie en die sewe dwergies
Met Esther von Waltsleben, Jan-Hendrik Opperman, Gaerin Hauptfleisch en Stephanie Hough.
Vervaardiger: Spektrum Produksies
Gradering: Hele gesin
Datum en tyd: Vr 1 Julie 15:00
Venue: Laeveld Laerskool
Tydsduur: 50 minute
Prys: R45
Sneeuwitjie se stiefma is suur, want volgens haar towerspieël is sy nie meer die mooiste in die land nie. Sneeuwitjie is. Stiefma ontbied vir Faktotum Fourie om vir Sneeuwitjie na die woud te neem en haar daar te los sodat die wilde diere haar kan opvreet.

Maar Faktotum is mos maar ’n goeie ou en hy gee vir Sneeuwitjie ’n GPS met koördinate na vriende van hom se huisie. So ontmoet Sneeuwitjie die liewe, lawwe sewe dwerge; oupa Kasper, rowwe Rasper, kleine Jasper, selfbehepte Lasper, dokter Dasper, windbrekende Gasper en *Snow-whity* se *favourite*, Jerome.

Hulle probeer haar beskerm en haar tuis laat voel, maar wanneer nare Stiefma hiervan te hore kom, begin sy ’n missie van haar eie: raak ontslae van Sneeu-geitjie.

Hier het ons jul hulp nodig, vriende, want Sneeuwitjie sal gou moet leer om nie die deur vir vreemdelinge oop te maak of goed van vreemdelinge te vat nie. Kom help haar tog, asseblief!